# Ouervereniging

# Hoërskool  Vryburg

# Ouervereniging

Hoërskool Vryburg is in die gelukkige posisie dat ons oor ’n aktiewe Ouervereniging beskik, iets wat in baie stadsgemeenskappe nie meer goed funksioneer nie.

**Wie is deel van die Ouervereniging?**
Die ouervereniging van Hoërskool Vryburg bestaan uit al die ouers van ons skool. Om op voetsoolvlak die organisasie te vergemaklik, neem die ouers van die VLR (Verteenwoordigende Leerderraad) leiding om die OV se aktiwiteite te koördineer en bestuur.

**Wat is die taak/doel van die Ouervereniging?**
Die OV benut geleenthede by die skool om fondse te genereer en in te samel. Dit sluit veral in die verkoop van wegneemkos tydens sportbyeenkomste op Gert Lubbe Sportterrein, maar dikwels word ander projekte ook aangepak bv. lootjies verkoop, spyseniering van funksies, ens.

**Waarvoor word die OV-fondse aangewend?**
Die eerste R100 000 is die doelwit wat die OV jaarliks moet bereik aangesien dit deel uitmaak van die skool se begrote inkomste.  Verder word spesiale projekte geloods. Voorbeelde van sulke projekte wat al geloods is, sluit in die plaveisel in die skool se vierkant, die opknapping van die skool se personeelkamer,  die restourasie van die skool se gedenksaal, die waterverkoeler in die skoolsaal, die aankoop van ’n nuwe 16-sitplek bussie, die toerusting en breekware in die skool se kombuis en vele meer.

# Parent Association

# Vryburg High School

# Parent Association

Vryburg High School is in the happy position that we have an active Parent Association, something which does not function well in many urban communities.

**Who is part of the Parent Association?**
The parent association of Vryburg High School consists of all the parents of our school. In order to facilitate the organization at grassroots level, the parents of the LRC (Learners Representative Council) take charge of co-ordinating and managing the activities of the PA.

**What is the purpose of the Parent Association?**
The PA uses opportunities at the school to generate and raise funds. This includes, in particular, the sale of takeaway food at sporting events at Gert Lubbe Sportterrein, but often other projects are also addressed eg. raffles, catering for functions, etc.

**What are the PA funds used for?**
The first R100 000 is the goal that the PA must achieve annually as it forms part of the school's budgeted income. Special projects are also being launched. Examples of such projects that have been launched include the paving in the school square, the renovation of the school's staffroom, the restoration of the school's memorial hall, the water cooler in the school hall, the purchase of a new 16-seat bus, the equipment and crockery in the school's kitchen and many more.